NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 15 – Uitgawe 3

17 Februarie 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Sosiale media se tien gebooie

**Meer as twee ure 'n dag – dis hoe lank mense oor die wêreld heen gemiddeld op sosiale media besig is. Dis hoeveel tyd mense deurbring op platforms soos Facebook, Instagram, WhatsApp, Twitter, Snapchat en TikTok, om maar net 'n paar te noem.**

Ons gaan nêrens in die Bybel 'n pasgemaakte handleiding kry wat vir gelowiges sê hoe hulle hul Christenskap op sosiale media moet uitleef nie, maar dat ons juis daar ons geloof moet uitleef, is uiters noodsaaklik, want die oomblik wanneer jy die wêreld van sosiale media betree, is jy blootgestel aan 'n wêreldwye gehoor.

Andrew C Schroer (*364 Days of Devotion*, Northwestern Publishing House) gee tien gebooie waaraan Christene hulle kan probeer hou in hul omgang met sosiale media.

1. Om reg te wees, is nie genoeg nie. As gelowiges moet ons die waarheid ook in liefde praat. Om sarkasties en ongeskik te wees, is nóg 'n liefdevolle nóg 'n effektiewe manier om met ander te kommunikeer.
2. Net omdat iets op sosiale media is, beteken nie dis waar nie. 'n Gelowige moet wegbly van skinderstories, halwe waarhede, leuens. As jy nie kan bewys dat iets die waarheid is nie, moet jy dit nie verder deel nie.
3. Voor jy iemand op sosiale media antwoord of aanvat, wag eers vyf minute voor jy die *Stuur*-knoppie druk. Loop, draai om, word kalm, sê 'n gebed, lees weer wat jy getik het, en besluit dan of jy dit regtig wil stuur.
4. Openbare platforms is nie die plek vir persoonlike gesprekke nie. Praat eerder met iemand van aangesig tot aangesig, veral oor iets waaroor jy baie sterk voel. As mense mekaar se gesigsuitdrukkings kan sien, hul stemtoon kan hoor, hul lyftaal kan lees, word die ruimte vir misverstande baie meer uitgeskakel as op 'n onpersoonlike selfoonskerm.
5. Sodra jy iets gestuur het, selfs as 'n private boodskap, is dit onder jou beheer uit. Daar is baie maniere waarop iets wat jy baie persoonlik bedoel het, in die openbare oog kan beland. En onthou, as iets eers op die internet is, verdwyn dit nooit heeltemal nie.
6. Om suggestiewe prente of boodskappe te stuur, is 'n dom ding om te doen (sien punt 5). Om dit boonop aan iemand anders as jou huweliksmaat te stuur, is ook om ontrou aan hom of haar te wees.
7. Ydelheid is alles behalwe 'n deug. Vra jouself baie eerlik af wat jy wil bereik deur die *selfie* wat jy gaan plaas of dit waaroor jy gaan spog in 'n inskrywing.
8. Nóg die Bybel nóg die Grondwet verleen aan minderjarige kinders die reg tot absolute privaatheid. Jy moet bewus wees van wat op jou kinders se fone, tablette of rekenaars aan die gang is. Dit is bloot verantwoordelike ouerskap.
9. Om met iemand in debat te tree of te argumenteer op sosiale media, verander selde, indien ooit, daardie persoon se standpunt. Mense steek eerder viervoet vas. En waak daarteen om te dink dat die wêreld dit nodig het om kennis te neem van elke gedagte wat in jou kop opkom...
10. Om 'n plasing wat die woorde *Share if you love Jesus* bevat rond te stuur, is nie die beste manier om die diep rykdom van die evangelie van Jesus Christus te versprei nie. Deel eerder jou dankbaarheid oor die mooi dinge wat in jou lewe gebeur het, sonder om daaroor te dweep.


Sosiale media gee aan elkeen met 'n sleutelbord toegang tot 'n groot gehoor. Op 'n manier gee dit jou groot mag. Maar met groot mag kom groot verantwoordelikheid. Mag ons deelname aan sosiale media só wees dat God se lig ook daar deur ons sal skyn.

**Ds Etienne Fourie, Kempten**

## Lief en leed



Dr Hannes Janse van Rensburg



Dr Gerhard en Karien Lindeque



Marken en Inke Pretorius



Oudl Petro van Niekerk en prof Yolanda Dreyer

- Ons innige simpatie gaan aan ds Willem en Elize Sauer (Waterberg) met die afsterwe van Elize se suster, **mev Ansie Uys** (51), weens Covid-19. Die roudiens op Woensdag 16 Februarie in Hendrina is deur ds Willem gelei. Mev Uys was lank sekretariële beampte en skriba vir registrasie in Gemeente Hendrina. Sy word ook oorleef deur haar man, Tommie, en hul twee kinders.

- **Dr JG (Hannes) Janse van Rensburg** (Zuurfontein) was die afgelope Sondag op pad terug van 'n kongres in Bloemfontein in 'n botsing met 'n waterbokbul betrokke. Ons is dankbaar dat dr Hannes ongedeerd is; sy motor is egter erg beskadig.

- Baie sterkte aan **dr AG (André) Ungerer** (voorsitter: Kommissie van die AKV en hoof van die HTK), wat Maandag 14 Februarie uit die Urologiese Hospitaal ontslaan is en tans tuis aansterk.

- Ons is bly om te hoor dat **dr GC (Gerhard) Lindeque** (Bybelgenootskap) **en sy vrou, Karien,** goed herstel het van Covid-19.

- **Mev Marie Wagner**, moeder van mev Sanet van Wyk (tesouriere van die NHSV Hoofbestuur en vrou van ds Frikkie van Wyk van Montana-Oos), is reeds die afgelope drie weke in die intensiewesorgeenheid van die Pinehaven-hospitaal in Krugersdorp. Sy het 'n beroerte gehad na 'n rugoperasie. Indien daar beterskap en stabiliteit intree, sal sy eersdaags oorgeplaas word na 'n rehabilitasie-eenheid. Ons vra die Kerk se voorbidding vir die familie.

- Baie geluk aan **ds M (Markus) en Jani Pretorius**, wie se seun, **Hendrik Markus Pretorius**, op 4 Februarie gebore is. Ds Markus sê: *Deur die genade is Marken perdfris en gesond, en ousus Inke, wat op 24 Maart 2020 gebore is, is baie bly oor haar kleinboetie. 'n Mens besef net weer hoe genadig en goed ons God is.*

- **Edward Losper** is onverwags gebore op 4 Februarie met 'n noodkeiser op 35 weke – 'n hele maand vroeër as wat beplan is. Hy het 1,8 kg geweeg en is 38 cm lank. Sy mamma, **ds IM (Retha) Losper** (Ogies/Suidoos-Witbank), sê hy is tans nog in die neonatale afdeling van die hospitaal, maar is gesond, *en ons wag nou geduldig dat hy 2 kg bereik en 30 ml melk op sy eie drink voor hy by die huis kan wees. Ons seuntjie is 'n klein vegtertjie en ons dank God vir 'n ongelooflike span dokters wat in die teater was asook vir al die neonatale personeel wat nou na hom omsien, en die goeie vordering wat Edward maak.* Baie geluk en sterkte aan ds Retha en haar man, Elton.



- **Ds WM (Elmien) en Derrick Shaw** se tweeling, **Alyssa en Sophia**, is op 7 September verlede jaar prematuur gebore en was lank in die hospitaal terwyl ds Elmien self ook in 'n stadium baie swak was. Hulle is nog klein, maar groei baie mooi op hul eie kurwes. Sophia is wel met n hartkondisie, VSD, gediagnoseer, maar selfs dit lyk of dit self gaan herstel. Baie sterkte aan ds Elmien, haar man en hul seun, Grayson (2).



- **Prof Y (Yolanda) Dreyer** het aan die einde van 2021 as hoogleraar geëmeriteer. Sondag 13 Februarie het oudl Petro van Niekerk namens die Kommissie van die AKV die Akte van Emeritaat vir Hoogleraars aan prof Yolanda oorhandig tydens 'n spesiale erediens. Oudl Van Niekerk het prof Yolanda namens die Kommissie seën toegewens vir 'n nuwe fase van haar lewe. Prof Yolanda is tans emeritusprofessor verbonde aan die Departement Praktiese Teologie en Missiologie aan die Universiteit van Pretoria.

- **Die volgende predikante verjaar tot 25 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 17 Februarie: Dr A (Antionette) Janse van Rensburg (34) (Kapelaan/Montana) en ds DJ (Danie) Struwig (69) (emeritus)
- Vrydag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (69) (emeritus/Stellenbosch/Worcester) en ds PS (Peet) Esterhuizen (65) (Wonderboom)
- Saterdag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (65) (Pierneef)
- Sondag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Maré (66) (emeritus)
- Maandag 21 Februarie: Ds TF (Thomas) Dreyer (28) (Malelane)
- Woensdag 23 Februarie: Dr EH (Estelle) Dannhauser (61) (siekte-emeritaat) en ds N (Natasha) Smit (28) (Witrivier)
- Donderdag 24 Februarie: Dr AG (André) Ungerer (62) (HTK) en prop JD (Daniel) Steinmann (61) (beroepafwagtend)
- Vrydag 25 Februarie: Di H (Hennie) Aucamp (73) (emeritus) en CB (Bernard) Prinsloo (34) (Onverwacht)

## Gemeentes en bediening



Dr Barry van Wyk



Ds Jakkals Janse van Rensburg

- **Dr BJ (Barry) van Wyk** (emeritus/Rust der Winter/Waterberg/Zoutpansberg) het die beroep na Warmbad (deeltyds) aanvaar. Hy word op 20 Februarie (Zoutpansberg), 27 Februarie (Rust der Winter) en 6 Maart (Waterberg) van sy vorige gemeentes losgemaak, en op 13 Maart in Warmbad bevestig.

- **Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg** (Paarl, emeritus vanaf einde Februarie 2022) het 'n beroep ontvang na Paarl (deeltyds).




- **VAKATURE VIR 'N REKENMEESTER: Sinodale Dienssentrum, Pretoria.**

  **Vereistes:** Minstens 5 jaar werkservaring; verdere kwalifikasie/opleiding sal 'n aanbeveling wees, asook kennis van Accpac en/of Pastel; rekenaarvaardigheid in minstens Microsoft Office; ten volle tweetalig; geldige rybewys; bewese bestuursvaardighede; kennis van die Nasionale Kredietwet en die Wet op Inligting; moet finansiële state kan opstel en interpreteer en dit kan voorhou by die Raad van Finansies.

  **Verdere vereistes:** Pligsgetrouheid; vermoë om as lid van 'n span te funksioneer; goeie kommunikasie- en organisasievaardighede; meelewende lidmaat van die NHKA.

  **Vergoeding:** Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.

  **Sluitingsdatum: 28 Februarie 2022.**

  **Navrae en aansoeke:** Aansoeke met CV moet gerig word aan mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **mannekrag@nhk.co.za**; tel 012 322 8885; faks 012 322 7909.

- Die **SP Engelbrecht-museum** is die NHKA se kerkmuseum. Dis die grootste kerkmuseum in Suid-Afrika en is geleë in Pretoria, naby die Eugene Marais-hospitaal in Eloffsdal. Besoekers word hartlik uitgenooi om per afspraak ons Museum te besoek. Ons **toegangsfooie** is R40 per persoon vir groepe minder as tien. 10 of meer in 'n groep betaal R30 per persoon. Seniorlidmaatgroepe en kategesegroepe is gewilde besoekers. Daar is 'n afdak beskikbaar vir 'n "piekniekete". Besoekers kan soggens of naweke kom. Enigiemand is welkom, al is hulle van 'n ander kerk. Daar is baie kultuur-, kuns- en gebruiksvoorwerpe, ou klere en meubels. Skakel **ds Johann de Bruin** gerus by 082 733 3951.



- **Wie ken hierdie mense? Gemeente Kroonstad** is besig om hul **75-jaar-gedenkalbum** saam te stel en sou graag die lidmate op hierdie foto wou identifiseer. Kontak die skriba, oudl David Seymore, by **seymore.david@gmail.com**.



## Bydraes aan die Bybelgenootskap in 2022

- Deur die genade van God kan ons nog 'n nuwe finansiële jaar binnegaan. Soos altyd, doen ons dit in diepe afhanklikheid van Hom wat weet wat ons behoeftes is en wat voorsien. Ter wille van gemeentes se begrotings wat in Februarie opgestel word, rig ons namens die BSA die volgende versoeke tot u.

  **Jaarlikse bydraes.** Gemeentes word weer eens versoek om in hul begrotings voorsiening te maak vir 'n jaarlikse bydrae aan die BSA. Die koste van **een Bybel (R55) per lidmaat** is steeds 'n goeie riglyn. Indien dit nie haalbaar is nie, word u versoek om ten minste dieselfde bedrag as verlede jaar by te dra. Dit sal verder baie help as u hierdie bedrag kan opdeel en maandeliks oorbetaal. Gemeentes wat geen bydrae gemaak het nie, word versoek om asseblief ten minste R100 per maand (dus R1 200) by te dra.

  **Deurkollekte van Bybelsondag.** Gemeentes word versoek om vanjaar die deurkollekte van **Sondag 21 Augustus** aan die BSA af te staan. Gemeentes kan besluit of hierdie deurkollekte deel vorm van die jaarlikse bydrae en of dit as 'n addisionele bydrae beskou word.

**Projekte.** Om gemeentes te help om by die jaarlikse bydrae uit te kom, kan gemeentes van die BSA se gratis hulpmiddels gebruik maak. Daar is koevertjies, pilhouertjies en nootbuisies beskikbaar om bydraes mee in te samel. Gemeentes wat hierdie hulpmiddels vroegtydig uitdeel en met Bybelsondag insamel, gebruik dit toenemend met groot vrug. Ander gemeentes het weer deur middel van 'n Bybelstap of 'n projek by 'n skool hul bydrae ingesamel.

**Dankwoord.** Baie dankie vir elke lidmaat, predikant en kerkraad se positiewe gesindheid. Sonder u ondersteuning sou hierdie werk nie kon voortgaan nie. Bydraes uit die Kerk in 2021 was verantwoordelik vir ongeveer **35 000 Bybels**.

Bankbesonderhede en donateurnommers kan verkry word deur 'n e-pos te stuur na **malan@biblesociety.co.za**. **(Dr Gerhard Lindeque)**

## Vergaderings

- Donderdag 17 Februarie: Rata Finkom en begroting
- Saterdag 19 Februarie: ADV Kommissie<br>9de ADV finale begroting
- Dinsdag 22 Februarie: TOIBO Dagbestuur
- Woensdag 23 Februarie: Rata Direksie
- Donderdag 24 Februarie: Pensioenvergaderings<br>DPS en Plesion Finkom<br>ADV-webinaar: DPS-huise
- Vrydag 25 Februarie: Raad van Finansies

## Ringsvergaderings 2022

| RING | VERGADERPLEK | DATUMS |
|---|---|---|
| BLOEMFONTEIN | Bloemfontein | 22 en 23 April |
| BOTHAVILLE | Nog nie beskikbaar | |
| BRAKPAN | Springs-Noord | 3 April 09:00 |
| BRONKHORSTSPRUIT | Witbank-Suid | 7 Mei<br>08:30 vir 09:00 |
| CHRISSIESMEER<br>HEIDELBERG<br>TRICHARDTSFONTEIN | Secunda | 4 Maart 10:00 |
| DORSLAND | Windhoek | 1 en 2 April |
| GERMISTON | Witfield | 5 Junie |
| HEILBRON | Parys | 9 April |
| JOHANNESBURG | Johannesburg | 24 April 08:00 |
| KLERKSDORP<br>MAQUASSI | Klerksdorp-Doringkruin | Nog nie beskikbaar |
| KROKODILRIVIER | Brits | 9 Mei |
| KRUGERSDORP | Krugersdorp-Wes | 12 Maart |
| LAEVELD | Phalaborwa | 6 Maart |
| LOSBERG | Westonaria | 12 Maart 08:00 |
| MAGALIES | Weet nog nie | 10 April |
| MIDDELBURG | Middelburg | 14 Mei |
| NOORDELIKE BOSVELD | Welgelegen-Pietersburg | 11 Mei |
| NOORDELIKE NATAL | Utrecht | 9 April |

| | | |
|---|---|---|
| NOORD-KAAPLAND | Nog nie beskikbaar | |
| OOS-KAAPLAND | Jeffreysbaai | 14 Mei 08:00 |
| PIETERMARITZBURG | Durban-Suid en Zoom | 14 Mei<br>08:00 tot 13:00 |
| POTCHEFSTROOM | Potchefstroom- Studente | 8 Mei 15:00 |
| PRETORIA | Wapadrant | 25 April 11:00 |
| PRETORIA-WES | Erasmia | 10 April |
| ROODEPOORT | Weltevreden | 22 Mei |
| RUSTENBURG | Rustenburg-Tuine | 19 April |
| SWELLENDAM | Oudtshoorn | 7 Mei 08:30 |
| VEREENIGING | Drie Riviere-Oos | 24 April 12:00 |
| WES-KAAPLAND | Bellville | 7 Mei |
| ZEERUST | Coligny | 9 April |
| ZUURFONTEIN | Kempten | 11 Mei |

## Kerklike publikasies




- In die **Januarie/Februarie 2022-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** deel **ds Hannelie Botha** met ons haar herinneringe as redakteur van ***Die Christelike Vrou*** in haar redaksionele artikel *Tien volle jare.* **Dr Piet van Staden** skryf in sy oordenking *God is aan my kant* oor mense se perspektiewe op godsdiens. **Ds Hannelie Botha** gee ons ’n kykie in die maak van kunswerke van *Piouter* en die geskiedenis daarvan, plus ons lees in haar artikel *Om te speel as jy nie meer jonk is nie* die waarde van oefening en spel vir alle ouderdomsgroepe en die pret wat saam daarmee kom. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**.






## ’n Gedig

**Alzheimer-gebed**

*We’re on a road to nowhere.*
Talking Heads

onedel agbare
die dwaasheid van my grysheid
spook by my
sedert gisteraand
of verlede maand
sleep ek my lende
deur die doolhowe van my dinges
en verdwaal met Google Maps
en al
stel asseblief die navigeerder in my kop weer in
inwonende gees
trek ’n paar heilsame toutjies
en heg die fyn beaarde spiertjies van my ontbeende siel
sodanig aan die geleende wit geraamte terug
dat ek net onthou
wat U wil
en vergeet
wat ek wil

**Christo van der Westhuizen**
(Uit: *Chrisalis*, 2019)

## Studentesake

- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vind op **Vrydag 4 Maart 2022 om 15:00** by **Gemeente Philadelphia** plaas. Dit lei ook die HTK-kontaknaweek vir studente in wat Saterdag en Sondag plaasvind. Die program vir Vrydagmiddag sien soos volg daar uit:

    - 10:00: Fakulteitsopening in Rautenbachsaal vir studente en belangstellendes (verversings word na die tyd bedien)
    - 15:00: Philadelphia – verwelkoming
    - 15:15: Skrifbeskouing – prof Wim Dreyer
    - 16:15: Boodskap namens Kuratorium – dr Rudy Denton
    - 16:30: Skaapbraai (alles word voorsien)

    Almal is welkom en belangstellendes wat **Vrydagmiddag** se kuier wil bywoon, moet net by mev Clarika Hattingh **bevestig**, by **clarikah@nhk.co.za**.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente** wil graag kontak maak met al die eerstejaars wat in 2022 in Potchefstroom kom studeer en meer inligting aan hulle deurgee. Ons wil kontak hou deur WhatsApp-boodskappe, ensovoorts. Voltooi asseblief die inligtingsvorm by **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met

gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Gemeente Stellenbosch** versoek alle voornemende studente aan die Universiteit van Stellenbosch om jul inligting aan die gemeente te verskaf. Ons sal graag daarvan wil kennis neem. Kontak dr Chris le Roux by 079 495 3239, of **stellenbosch@nhk.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Eendracht: Skaapkop-oggend**
  **Saterdag 5 Maart 2022**
  Kerksaal om 10:00
  R150 per kop, R120 skaappotjie, R50 per kind (pizza)
  Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754
  Mev Belinda Jordaan 076 626 7571

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Mpumalanga**
  **Woensdag 4 Mei**
  Highland Gate Golf and Trout Estate, Dullstroom
  Borge en inskrywings: Annette Lombard 083 231 8943
  **annette@rata.org.za**

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Pretoria**
  **Dinsdag 23 Augustus**
  Silver Lakes Country Club
  Borge en inskrywings: Annelle Flanagan 064 437 5997
  **info@rata.org.za**

## Barmhartigheid

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in ’n gevestigde, boomryke area met ’n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen

R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as ’n stil, veilige omgewing en ’n voëlparadys. Die oord beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en bestaan uit die volgende:
  Enkelwoonstel: R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Vader,
mag ek gehoorsaam wees soos Noag,
getrou soos Abraham,
passievol soos Dawid,
en mag ek die krag hê van Simson.
Mag ek vergewe soos Josef,
vreesloos wees soos Daniël,
dapper soos Mirjam,
en mag ek die wysheid van Salomo verkry.
Mag my voorkoms soos dié van Ester skitter,
en mag ek vir U tot seën wees.
Amen.

pinterest.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk